

# HABARI 1997



30

## *Newsletter of the Friends of East Africa Nuusbrief van die Oos-Afrika Vriendekomitee*

### Van die Redakteur

### Editorial

**Ons vergader op 4 Oktober 1997, by Roodeplaatdam. We meet again on the 4th October 1997 (see the map at the back).**

This is our thirtieth Habari since we began with a page or two in the sixties. Wat die byeenkoms betref, die mense het in die sestigs net bymekaargekom by die fonteine en speletjies gespeel. 'n Paar jaar later het wyle ds Louw die leiding gegee sodat die geleentheid meer amptelik geword het.

We look forward to seeing you again at our annual get-together. Sommige mense het verlede jaar voorgestel dat mense Vrydag al met hulle woonwaens kan kom. Daarom - 'n reëlinkie. As u met u woonwa wil kom, moet u asseblief persoonlik met mnr Hannes Avenant reël. Bel hom by 012.808 0929.

As our readers know, it is expensive to print and post the Newsletter. Up until now most of the funds for the Habari are donated by East-Africans who come to the meeting in October. So we ask, if some readers are not able to come to the get-together this year, please send a donation. U kan dit deur die pos doen (maak die tjek of posorder uit aan die Oos-Afrika Vriendekomitee, nie aan

Eddie de Waal nie); of u kan geld op die Oos-Afrika Vriendekomitee se rekening deponeer. Ons nommer is by Volkskas se HERCULES-tak: 0080-602-405.

Ons het ook 'n reëling by die hekke. Die Parkeraad wil nou maar eenmaal elke motor se registrasienommer hê, en nog 'n paar besonderhede by die hek afneem. Please be patient at the entrance, and help the people to keep their admin up-to-date.

Dankie vir almal wat vir ons iets op skrif gestuur het vir plasing in die Habari. Thank you for all your letters and written contributions.

---

OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE  
ADRESSE EN TELEFOONNOMMERS  
Voorsitter Alex Boshoff, Posbus 21,  
DERDEPOORTPARK, 0035 (012.8083664)  
Ondervoorsitter Danie Steyn, - met 'n nuwe adres  
en telefoonnummer - Posbus 14386, Dersley,  
SPRINGS, 1569. 011.3661747; Selfoon: 083 271  
6378

Redakteur Habari Eddie de Waal, Keeromstraat  
628, HERCULES, 0082 (012.3792604)  
Ds PIET GROBLER, POSBUS 10, CLARENS, 9707.  
TEL 058.256 1007  
MRS EMMA STOW, BELRENE STRAAT 14,  
RIETONDALE, 00843 (012.329-4177)  
PROF PG NEL

---

## OOR BANA MAIE...

Mnr F D du Toit van Heuwelsig Aftree-oord, Centurion, skryf 'n mooi, bondige briefie oor 'n navraag in die vorige Habari.

Vir eers baie dankie vir al die Habari's wat ek deur die jare ontvang het.

In die jongste Habari vra u weer na ene BANA MAIE, skrywer van *Voortrekkerslewe in Donker Afrika*.

Wel, ek het hom geken, ongeveer 1930 op Vrede in die Vrystaat. Ons het hom geken as oom Mike Scholtz. Hy het ingewoon by sy broer oom Boy Scholtz wat 'n winkel op Vrede gehad het.

Oom Boy se seun het nog die winkel en sal altemit meer besonderhede kan verskaf.

Oom Mike was 'n besondere mense, geweldig groot - ongeveer 6 voet 2 duim sou ek skat, pragtig gebou en altyd, altyd, het hy net 'n kort kakiebroek en 'n kakiehemp gedra. Oom Mike was ongelukkig so 'n bietjie af; hy het ook altyd kaalvoet geloop. My vader - destyds stadhopper op Vrede - het oom Mike as tuinier in die stadsaal se gronde aangestel. Die skool se speelgronde - en waar die kadette geoefen het - was net langsaaan die tuine, en wanneer die kadette se beuels en tromme aan die gang kom, het oom Mike met sy graaf oor die skouer (soos 'n mens 'n geweer dra) op die paraderond vasgevind en dan saam met ons gemarsjeer. Niemand het hom ooit gepla nie.

Sy einde was maar treurig. Hy het selfmoord met 'n haelgeweer gepleeg.

Groete, F D du Toit.

Iets interessant van die Prince of Wales School

From...

PRINCE OF WALES,  
Box 560,  
NAIROBI.

To...

The Commissioner of Police  
P O Box 83,  
NAIROBI.

19<sup>th</sup> July 1948

Dear Sir

Reference to Accident in Longonot Crater, to H A Rutherford

I should like to say how grateful we are for the fine service rendered at Longonot on Sunday by Chief Inspector P S A Steenkamp, Assistant Inspector Price and seven Askaris from Naivasha Police Station.

I am informed by two independent witnesses that Inspector Steenkamp not only came to the scene of the accident equipped with everything that was necessary, but also climbed down the crater and rescued the injured boy as though he were accustomed to doing that sort of thing every day of the week.

I wish to apologize to the Police for a grave error of judgment on my part. I should have sent out a lorry, food and drink etc. as soon as I heard that an accident had happened. Unfortunately, the original information which I was given led me into believing that it was not necessary to do this. In consequence, Inspectors Steenkamp and Price had to finish their heavy afternoon's work by bringing back to this school the seven

uninjured members of the party and their bicycles.

I do not know whether there is a Police Comforts Fund at Naivasha; if there is, I should be grateful if you would transfer to it the enclosed cheque for 200/-, which I forward as a small token of our gratitude. If there is no special and suitable fund at Naivasha, perhaps there is some general Police Charity, to which you would transfer the money.

Yours faithfully,  
P Fletcher  
Headmaster.

[Does anyone know who the boy in question was? Perhaps you could let us know - Editor.]

### VICTOR GERMISHUIS SKRYF...

#### MY FAMILIE

My ouers het in 1912 van Barclay-Oos na Kenia getrek, met die skip vanaf Durban. In dieselfde groep was oom Jan Bruwer en familie, my pa se broer, oom Andries, en tannie Anna en kinders. Oom Jan en oom Andries het hulle in die Nakuru en Kinangop omgewing gevestig en Pa en Ma in die Nakuru-Londiani omgewing.

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 is die mans opgeroep. Pa in die Belfield Scouts gedien. Na die oorlog het Pa twee waens en osse gekoop, en daarmee goedere van Londiani na Eldoret vervoer, want destyds was daar geen spoor tussen Nakuru en Eldoret na Uganda nie. (Die naaste stasie was Londiani, op die lyn na Kisumu, langs die Victoriameer.) Goedere na Eldoret en Kitale moes met

transportwaens vervoer word, deur die Skeurvallei, oor Timbaroa op 'n hoogte van 9000vt. Plekname wat ek nog onthou oppad van Londiani na Eldoret is Arnoldisbrug, Erasmusbrug, die Draaibos, en die Bamboesbos naby Timbaroa.

Ek en broer Wessel is in Londiani gebore, en John en Pieter (Tokkie en Koekie) in Eldoret. Ek was vier toe Pa en Ma van Londiani getrek het na die Verbrandebos, waar Pa 'n plaas gekoop het. Die trek het weke geneem - deur rooi modder en water. Die osse moes soms tot op hulle pense in die modder loop en soms moes twee spanne osse so 'n wa uit die modder trek.

Ons bure in Verbrandebos was oom Abraham en tant Truia Joubert, oom Martiens en tant Martie Prinsloo, oom Soon en tant Lizzie Steenkamp, oom Flip en tant Malie Steenkamp, sowel as mnr Barker, 'n oujongkêrel. Sover ek onthou het oom Gert en tant Maria de Jager destyds naby oom Abraham geboer. Mnr Barker se bure was oom Flip en tannie Isabel Malan. Tannie Johanna Retief en tannie Margriet Mouton se pa het 'n wamakery by Mr Ball se saagmeule gehad; hy was mnr Barker se buurman. Nie ver van hulle nie het oom Koos Prinsloo en tant Late geboer (hulle het later 'n plaas in die Moiben-area gekoop). Hulle bure was oom Piet en tannie Hester Odendaal, oom Piet en oom Charlie Woodley, en oom Fritz Rousseau. Ek onthou hoe my Ma, wat vroedvrou in daardie gebied was, dikwels in die nag te perd na buurplase moes gaan, met 'n kombuisjong wat met 'n lantern voor loop, deur die veld en bosse.

Pa is in Augustus 1936 oorlede na 'n luiperd hom op die plaas verskeur het. Hy is 'n paar dae na die aanval in Eldoret hospitaal aan bloedvergiftiging oorlede. Toe het ons nog nie vandag se antibiotikas gehad nie.

In 1938 het my Ma dorp toe getrek. Ek en Pieter het by Ma gebly; Harold en Fred het by Bert en Mabel Hyland geloseer. Bert was toe die rekenmeester by die KFA. Harold en ek het by Gailey and Roberts en Fred by Ted Davel se Atlas Works gewerk.

### Skole

Destyds was skole gebou op plekke waar die meeste kinders was. Ons eerste skooltjie was op oom Abraham Joubert se plaas. Die eerste onderwyseres was tannie Isabel. Ná haar was dit tannie Johanna Malan. Later was die skool op ons plaas, en die onderwyseres tant Lettie Engelbrecht, wat later met oom Jaap Heine getroud is.

Die ander plaasskool was op oom Koos Prinsloo se plaas, met tant Lalie Prinsloo as onderwyseres, en die laaste was by oom Kerneels Smith, met mnr Visser as hoof en tant Lettie Engelbrecht as onderwyseres.

Vandaar is ek na Eldoret Central School met Mr Humphries as prinsipaal, en toe na Prince of Wales School in Nairobi met Capt Nicholson as prinsipaal. Broer Wessel en ek moes die twee myl na die skool by oom Abraham Mouton loop; ook die drie myl na die skool by oom Koos Prinsloo. Die vier myl na die skool by oom Kerneels Smith het ons te perd gery.

Op skool in Eldoret was Alex Boshoff se moeder (toe nog mej Bonnie Cloete) ons Afrikaans onderwyseres vir een periode per week. Sy het my een keer na Mrs Rees, ons koshuismoeder, geneem en my 'n lepel kasterolie ingegee, omdat ek in die klaskamer nie te lekker gevoel het nie. Sy het goed geweet wat my makeer het. Ek kan ook onthou hoe Gertie Engelbrecht (Koos Engelbrecht se moeder) se oog lelik beseer is met 'n hokkiebal - as ek reg onthou, in 'n wedstryd tussen Livingstone en Gordon.

### Werk

My eerste werk na skool was by Hughes & Co in 1936. Mrs Ullman was die bestuurder. My werk was om die werkswinkel werkskaarte te hanteer. Ek onthou vyf van

ons wat Afrikaanssprekend was: Christiaan en Stoffel Boshoff, George van Staden, Ivan Dreyer en ek. Ek is toe 'n beter betrekking by die KFA aangebied. Mr Lovemore was die bestuurder en Bert Hyland die hoofklerk. Ek was in beheer van die toonbank.

Werk was skaars en geld nog skaarser. My eerste salaris was 100 shillings per maand waarvan ek so 50 shs 'n maand losies betaal het. Ek het toe by mev Dreyer, saam met Ivan Dreyer en Abraham Le Roux geloseer. Mev Dreyer was 'n verpleegster en het 'n kraamafdeling en losieshuis gehaad.

My eerste fiets - 'n Phillips - het ek gekoop vir 100 shs. Ons jongklomp het almal fietse gery; 'n kar was te duur. Abraham, Ivan en ek het baie maanligaande ná aandete met die fietse na oom Jan en tant Manie Le Roux se plaas op Broederstroom gery, 'n distansie van omstreng 12 myl. Ons het 'n paar uur daar gekuier en is dan weer terug dorp toe met die fietse. Daar was nie iets soos fietsligte nie.

Ons was nog jonk en baie fiks. Een langnaweek het ek van die skoolkoshuis op Eldoret na hulle plaas toe geloop. Oom Edward Steyn (Danie se Pa) het ons die Maandag met sy kar terug koshuis toe gevat.

In 1938 het ek by Gailey en Roberts begin werk. Ivan Dreyer was in beheer van die Catapillar trekker- en padskraperafdeling. Mr Rex Barber was algemene verkoopsbestuurder, en Harold Pickering en ek toonbankklerke. (Die dorp Barberton is vernoem na Mnr Barber se vader wat 'n groot vriend was van Fitzpatrick van Jock of the Bushveld-faam.)

### Sprinkane

1932, Desembermaand, skoolvakansie. Die koring het sulke geelbruin golwe gemaak as

die wind daaroor waai. Die Saterdag reeds is alles gereed sodat Maandag koring gesy kan word. Sondagmiddag kom 'n donker wolk uit die Nandireserve se rigting. Daar was sprake van sprinkane, maar almal het gereken hulle is nog ver in die Nandi. Hoe nader die wolk kom, hoe donkerder word dit, tot jy die son nie meer kan sien nie. Daardie Sondagmiddag verdwyn die ryp koring soos mis voor die son. Dit was die eerste keer dat ek trane in my pa se oë gesien het - nie net is die oes verniel nie, ook die weiding het baie skade gekry. Later van tyd het die voetgangers alles opgevreet behalwe klip en grond. Dit was die tweede jaar dat die koring opgevreet is.

### Nagmaalnaweek

Voor my pa 'n motor gehad het, het ons drie keer 'n jaar met die wa en osse die dertig myl dorp toe gery vir nagmaalnaweek. Ons sou Woensdag met die wa gery en by Wolwespruit uitgespan vir die nag. (By Wolwespruit het ons altyd probleme met hiënas gehad: hulle het snags die osrieme of trensrieme en stroppe aan die jukke probeer vreet.) Die volgende middag het ons by Suikervlei uitgespan sodat die osse kon rus en water drink. Die wa het 'n halwe tent op gehad en dit was vir ons kinders tog te lekker om in die wa-tent te slaap. Die volgende dag - Donderdag - het ons vroeg al die tien myl dorp toe afgelê en op die Kerkterrein tent opgeslaan. Vrydag was inkopiesdag want ons was ver van die dorp af en daar word ook gekuier op die Kerkterrein. Saterdag was Kerkbasaardag. Dan het die terrein vol tente gestaan. Dié aand word voorbereidingsdiens gehou vir Nagmaal, en met die Oktober se nagmaalnaweek moes katkisante Saterdaggaand geloofsbelijdenis aflê.

Sondagoggend 07:00 volg die vroeë biduur. Met die oggenddiens word nagmaal bedien. By die 14:00 se diens word die doop bedien, en Sondagaand volg die naweek se afsluitingsdiens.

Maandag, op pad terug plaas toe, sou ons met die wa en osse gaan tot by oom Jan en tant Hettie Barnard. Hulle plaas was tussen die Fenwicks en tant Alie de Jager se plaas, langs Wolwespruit. Die middag word gekuier en Dinsdag word die pad gevat terug plaas toe. Toe het ons baie tyd vir mekaar gehad en was ons nie gejaagd soos vandag nie. Ek onthou goed hoe wyle ds Tienie Loubscher met sy muil van Eldoret af die Plateau deurkruis het en tot in die Verbrandebos plase besoek het. Hy het gewoonlik oornag op die plaas wat hy voor sononder besoek het. Een keer het hy met huisgodsdienstie aand gelees van die mens en die sout van die aarde. Agterna vra hy vir ons, die kinders, wat ons onthou van wat hy gelees het. Ek sê toe dat die mens die sout van die aarde moet eet.

Ons het in 1937 nog veertien-dae katkisasie gehad voor die Oktobermaand nagmaal, en met kinders op die kerkplein kom tent opslaan sodat ons die klasse kon bywoon. Van die kinders was al ouer as sewentien. Ek het al gewerk toe ek klasse kom bywoon, want in Nairobi by die Prince of Wales was dit onmoontlik. Heelwat Afrkaners het vir die spoorweë as masjiniste gewerk; hulle was in Eldoret gestasioneer en hulle kinders is Sondaemiddae by die Kerk gekatkiseer. Ds Dednam was in SA op verlof en ds Barend Britz van Nakurugemeente het in Eldoret kom waarneem en Sondaemiddae klas gehou. Party Saterdae 13:00, na werk, het ek met my fiets die 32 myl uit plaas toe gery: na my pa se dood was my ma was alleen daar met

my broer Wessel wat gehelp boer het. Ds Brits het nie van die idee gehou dat ek nie elke Sondagmiddag se klas kon bywoon nie, en het my een middag mooi laat verstaan dat ek liewer moet wegblê as ek nie gereeld klasse kan bywoon nie.

Op daardie tydstip het drie van ons, Harold Pickering, Fred Walters en ek, geloseer in 'n huis wat my moeder gekoop het in Eldoret. John (Tokkie), my tweede jongste broer, was in Suid-Afrika op skool en my jongste broer Pieter (Koekie) het by ons in die dorp gebly om skool te gaan.

### Sport

#### *Hokkiespan*

1938 was die jaar toe ek vir Eldoret se hokkiespan teen die Springbokke gespeel het. Hulle het ons met twee doele teen een gewen. Kosie Barnard het die doel vir ons aangeteken en die doelwagter het my aanslag afgekeer. In 1938 was ek reserve vir Eldoret se voetbalspan in die Enterprise Bekereindstryd teen Nondescripts in Nairobi. Johannes Barnard, Stoffel Boshoff en ek het na die wedstryd op pad terug Eldoret toe naby Limuru teëspoed gekry toe die agteras van Johannes se Ford V8 gebreek het; die kar moes na Nairobi teruggesleep word. Ons is eers die agtermiddag weer uit Nairobi uit en het die nag in Nakuru oorgebly. Ek het die nag by my oom Andries-hulle in Nakuru geslaap; Johannes en Stoffel het in die Stag's Head Hotel geslaap. Ons het eers die volgende dag in Eldoret gekom.

#### *Rugby*

In 1939 het ds Dednam op Plateau die Rugbyklub gestig; daar was 'n mooi klompie jongmense wat hy bymekaargekry het. Hy was vader en stigter van die klub, kaptein én

afrigter, en toe die Tweede Wêreldoorlog in 1939 uitbreek het, het Plateau 'n goeie span gehad. Ds het my gewaarsku dat hy my op die voetbalveld in die hande sal kry omdat ek nie vir die Plateauklub wou speel nie, en glo my, meer as een dag het my hare gewaai in 'n los skrum. 

In Augustus 1943, die maand voor die oorlog uitgebreek het, het ons Eldoret voetbalspan die Enterprise Beker gewen as die beste span in Oos-Afrika. Ek het die foto van die span voor my. John Dingles, Tweedie (na Australia), Sakkie Steyn, Piet du Plooy, Bert Steyn, Japie Kruger, Mike West, Dudley Kelby, Stompie Jones, Norman Davies (ons kaptein), Koppie Eksteen, en Plenman Meintjies is almal oorlede. So ver ek weet is Gordon Goby, sy broer Bill in Durban en ek al wat nog lewe.

#### **Ds Dednam; tannie Frieda van Heerden**

As ons jongmense van destyds ooit 'n monument kon oprig in waardering vir alles wat vir ons in daardie tyd gedoen is, dan moet ek die name van ds Dednam en tannie Frieda van Heerden noem. Sonder hulle sou ons jonger geslag se kultuur baie armer gewees het.

Ons katkisante het in Oktober 1939 belydenis afgelê, want die Tweede Wêreldoorlog het toe al uitgebreek. Meeste van ons is in die volgende ses maande vir militêre diens opgeroep. Die volgende is die laaste groep wat by Ds gekatkiseer het voordat hy teruggekeer het Unie toe vir mediese behandeling vir sy seun Briel: Hennie Schutte, Lood Joubert, Gideon van Staden, my broer Wessel, Willem von Maltiz, Fanie Botha, Jan Kleinsmit, Serfaas Wahl, Sannie Steyn, Koba Taljaard en ek.

Wie sal ooit Ds en sy Vauxhall motor vergeet? Hulle het het een spoed geken en as die kar vir hom 'n bietjie stadig was, het hy gesê: "Toe kom nou 'Vloeksool'". Ek dink ook aan hom en tannie Frieda van Heerden met al die voorbereiding vir die Eeufeesviering - al die koor- en toneeloeferinge. Ons moes oefen en nogmaals oefen, weeksaande, Saterdagaande en Sondagmiddae, maar Ds en tant Frieda het deurgedruk. Mev Dednam het die stem van 'n nagtegaal gehad en tant Frieda was koorleier. Ek onthou ook nog tant Daisy Engelbrecht, tant Sarah de Lange, oom Martiens du Plooy, Stoffel Boshoff, Piet du Plooy, Sannie Boshoff, en tant Florence Bouwer.

Terug in die Unie het Ds by die leër aangesluit as kapelaan met die rang van kaptein. Vroeg in 1950 het Colonel Dunstan Adams, hoof van die Kenia Regiment, hom terug Nairobi toe gestuur om in die leër HK se administrasieafdeling te gaan diens doen. Toe kom kapt Jan Willem Dednam se besoek aan Militêre Hoofkantoor laat in 1950. Die Oos-Afrikaanse Afdeling en die Suid-Afrikaanse Afdeling Militêre Hoofkwartier was gevestig in dieselfde area, in verskillende geboue wat oor 'n groot area gestrek het (in geval ons uit die lug gebombardeer sou word). Ek was op die telefoon besig toe Sgt-Major Michael Hobbs by my kom en sê dat daar in die aangrensende kantoor 'n Suid Afrikaanse kaptein na my soek. Die kaptein was niemand anders as kaptein Dednam nie. Hy vra toe vir Sgt.-Major Hobbs of hy my nie 'n paar uur kan afgee nie, aangesien ons mekaar omtrent 'n jaar laas gesien het en baie het om oor te gesels. Toe vertel Ds my dat hy al 'n paar dae na my soek. Ons het mekaar nie

weer gesien nie, voor 1954 met ons gemeente se halfeeu feesviering, toe ons gemeente se vorige leraars wat nog geleef het na die feesviering genooi is.

Toe ons in 1959 ons in SA kom vestig het, was ons in 1964 by Ds en Mev aan huis in sy gemeente Laersdrif. Die laaste keer wat ons by hom gekuier en ons 'n paar ure lank oor gebeurtenisse in Kenia gesels het, was omtrent agtien maande gelede in sy kamer in Huis Vergenoeg. Ek was verbaas hoe goed hy nog kon onthou. Hy was nie net ons predikant nie, maar ook 'n groot vriend. Ek is net bitter jammer dat ons nie van sy afstewre geweet het nie. Ek sou so graag 'n laaste eer wou bewys.

Tant Frieda en tant Maggie Vorster (later Von Landsberg) het geweldig hard gewerk in die ou pastorie wat tant Frieda in 'n koshuis omskep het. Daar het Afrikaanse kinders geloseer het hulle in die Central School in Eldoret kon skoolgaan. Geld was skaars en met tant Frieda se harde werk en hulp kon baie kinders hulle laerskoolopleiding in Eldoret voltooi.

En tant Frieda het ook soveel na die oorlog vir jong mense opgeoffer. Die toneelopvoerings, musiekconcerte, kooroefeninge, wat maande aangegaan het en soms tot laat in die aand geduur het. Tant Frieda het nooit moed verloor nie. Sy het volhard totdat ons oefeninge haar tevrede gestel het. So lank ek leef, sal ek haar onthou.

---

**Gudrun Nabholz-Beutler, daughter of Walter Nabholz (Pongo) and Brunhild Nabholz, born Landgrebe, writes...**

*On the 14th of April 1995 my mother (who is 80) and I took the plane from Basel, Switzerland, to Mombasa. The flight was booked with the African*

Safari Club, and on arrival we were taken to the Bahari Beach Hotel. The buildings are capped with huge grass roofs and the gardens filled with wonderful exotic plants, birds and monkeys. The food is very good, and the waiters all male, very polite and very friendly. Yet I was astonished to see that every entrance was guarded by an Askari with a heavy club.

The following morning a flight took us to Kilaguni Lodge in Tsavo-West. The open hall, where lunch was served, looks out onto the watering-place (floodlit at night) so that one can watch the animals coming to drink. We went on a Landrover-drive into the game-reserve, and saw elephant, buffalo, giraffe, zebra, wildebeest, and ostriches. We also saw a lioness at a water-hole.

Back in Mombasa I took a walk through the old city. The buildings, in gradual decay, has a strange charm, and in the harbour the boats are loaded and offloaded by manual labour. All of this makes one feel as if one were back in the Middle-Ages. Transport to Tanzania was a problem. A flight to Kilimanjaro? No - it is available only once a week, and then at \$155 per person. And it is booked for weeks in advance. The railway? Not that either.

There is no time schedule and it is very unreliable. The third option - the Matato - the Bush Taxi - was my only option. A kind English gentleman took me to the bus stop. The only problem was that his car had to be push-started every time it stopped.

(Does not that remind one of old Koos Malan and his battered Ford?)

The taxi we chose looked fairly promising. It was to leave for Moshi the next morning and the trip would cost only 45 Marks. I was not sure that my mother was able to travel such a rough way, but there was no other way. In the morning we packed some sandwiches from the hotel kitchen and arrived in the cool of day at the starting-point. We thought we were going to leave at 08:00, but the taxi only got under way two hours later, after enough passengers had arrived.

The road up to Voi was tarred. To Taveta it was gravel, and with no further trouble we entered Tanzania. At Moshi many people offered their services, and we engaged a taxi to take us to the Lutheran Uhuru Hotel outside Moshi. There we joined a crowd of international travellers. Again the food was excellent, and a taxi took us on a sightseeing tour of Moshi, the Boma, and the railway station. (The latter was the HQ of General

von Lettow-Vorbeck up to 1916, when the German defenders had to fall back southwards). My mother told me that the town had expanded considerably. For \$300 we hired the driver of a Landrover to take us on a three-day excursion. The super sketch by uncle Hermann (of Johannesburg) was very accurate and helpful; without it we would have had great difficulty in locating our destination, which was the plantation my grandparents - Carl and Antonie Landgrebe - once owned at Engare Nairobi.

The road along the base of the mighty Mount Kilimanjaro was in good condition. All rivers - the Karanga, the Weru-Weru, the Kikafu and others were coming down in torrents from the mountain, and Kilimanjaro was quite covered in clouds. At Engare Nairobi we were taken to the house of Abdallah bin Idi (80) a former headman (msimamisi) on the Landgrebe farm. Unfortunately he and his son were absent, but his daughter-in-law invited us to tea. She teaches at the local African school, a place that my son Felix very much wanted to see. I was impressed to see a picture of my mother, together with Abdallah, on Abdallah's wardrobe. The Landgrebes are still remembered here!

To our disappointment it started to rain. Uncle Hermann had warned us in advance that our safari would lead us into the rainy season. We could not go on to see the former plantation, for the rain had turned the countryside into a morass.

With heavy hearts we turned back to the main road to Dutch Corner, and drove to Momella Game Lodge. We were the sole visitors there. The fireplace warmed us after the long drive through heavy rain. My mother wanted to see the grave of Mrs Trappe and her son Rolf, who had owned Momella until it was incorporated into the Mount Meru National Park. The grave, covered with a massive concrete slab, is near a watering-place that is frequented by wild animals.

From Momella we drove on to Arusha, and stopped at Lake Duluti, where my grandfather started a coffee -plantation in 1910; (in 1919 it was confiscated from him as enemy property). At the very comfortable hotel at the lakeside we had a good meal before returning to Moshi. There we discovered that no Matato would be leaving for Mombasa. After spending the night at the Uhuru Hotel, we took a taxi to Taveta, but there was no transport either.

*Then we were led around a muddy corner and shown a vehicle that did not look at all roadworthy. Three Africans were working underneath it, and tools were scattered all around. We sat down on three Loricars (stools) and waited for the result of the repairs. Fortunately we had, since arriving in Kenya, learned the African habit of distury - waiting and seeing. Then the "mechanics" crawled out from underneath the vehicle, collected and stowed away the tools, and off we went - only to wait yet another three hours at the bus stop, until the car was filled with passengers. The local hierarchy allows men to sit; women, young or old, have to stand. Little Felix had to abandon his seat in favour of an adult male, and we had to struggle for a place to sit.*

*When the rain started again, the passengers on the roof crawled back inside through the windows. The interior of the vehicle became really steamy, and to crown it all the driver started racing another driver, whom he overtook now and then in the most daring manner.*

*We survived. In Mombasa the driver even took us to our hotel, but the gatekeeper refused to let his battered taxi enter, and the driver was allowed to offload at reception only after many supplications. For the remainder of our stay we enjoyed the beautiful beach. On the 1st of May we flew back to Basel, and went our different ways.*

*This was the first time I have visited the realms of my forebears, and I am struck by their love for this land of yesteryear. It is remarkable how an idea can carry people beyond pain and sorrow.*

*Throughout this memorable safari I admired - as did natives and visitors - my mother's energy. Even under the most stressful conditions she displayed the strength of a lioness. No complaints crossed her lips, and her ability to speak fluent Kiswahili after so many years opened doors for us and removed from us the image of tourists. As in the local culture the aged are held in high esteem, we were always treated with the greatest courtesy and friendliness, and were offered help wherever it was necessary.*

*I was very glad to meet these friendly people and to get to know their "pole-pole". I only wish I could transfer some of their quality of life back into our own rat-race.*

---

## **Die volgende mense is die afgelope jaar oorlede**

\* **Mev Margaretha Mouton.** Haar man het geboer by Eldoret, en sy was vir baie jare 'n inwoner van Huis Vergenoeg. Sy laat een dogter en drie seuns na, en hulle gesinne.

\* **Mev Corrie Randall,** op 7 Mei. Haar man, lewis, is reeds vyf jaar oorlede. Hy het gewerk by die Railway Offices in Nairobi. Sy was die dogter van oom Daan en tannie Nelie Bothma wat by Thika geboer het, en sy laat twee seuns agter, en 'n suster wat in Engeland bly.

\* **Mnr Ben Visser** is oorlede op 29 Mei na 'n lang siebed. Hy laat sy vrou, Nellie, agter. Sy was 'n nooi Lombard van Ol'Kalou. Hy is in Tanganyika gebore, en sy ouers was by die Lupa Goudveld. Hy het die PWD Molo-Mombasa Roads Dept gewerk.

\* **Mev Kotie Geldenhuys** is op 20 Mei oorlede op die ouerdom van 48 jaar. Sy was die dogter van Nols en Joey Kruger van Sergioit, en sy het polio gehad van sy vyf jaar oud was. Na sy die siekte opgedoen het, het sy na die Hope Home in Johannesburg gekom. Sy laat haar man, Martin, en twee seuns agter, asook drie susters en haar ouers.

\* **Mev Bellie (Isabella) de Wet** is oorlede op die ouerdom van 94 jaar op 26 Junie. Sy en haar oorlede man het geboer by Ol Joro Orok, Thomson's Fammls, en toe het hulle getrek na Eldoret Distrik, waar sy 'n onderwyseres was by Verbrandebos.

\* **Mev Catharina (Katie) de Jager** is oorlede te Huis Vergenoeg, op 8 Julie, na 'n lang siekbed en baie pyn. Sy was 84 jaar oud. Baie Eldoret mense was by die diens. Ek (Emma) het hulle gevra vanwaar hulle kom, aangesien ek hulle nie geken het nie, en

dis hoe ek geweet het hulle kom van Eldoret af. Katie was 'n nooi Visser.

\* **Ria Hattingh (vroeër Van Rensburg)** en haar seun **Gerhard**, is binne 'n week na mekaar oorlede, eers Gerhard, en toe sy ma. Ria was getroud met Hennie "Vlerk" van Rensburg wat by Ol Kalou geboer het. Toe Gerhard ongeveer sewe was, is Hennie oorlede, en Ria is omtrent tien jaar later weer getroud. Sy en haar man het op Hornsnek gebly, wes van Pretoria, tussen Hartebeespoort dam en die stad. Gerhard het ook die laaste aantal jare by hulle ingewoon.

---

## PARTY VAN ONS MASJIENE IN KENIA

deur Vic Germishuis

### Die Ransomes staan-koringdors

Oom Koos Prinsloo het by ons 'n Ransomes staan-koringdors gekoop, die soort wat jy langs jou koringmiede trek en met 'n dryfbelt vanaf 'n stoomenjin (later van jou trekker af) aangedryf het. Die koring word met 'n selfbinder gesny wat die koring in gerwe bind. Die gerwe word dan in miedens gepak wat omtrent sewe tot agt voet hoog is. Die dorsmasjien het twee platforms, een aan die linker- en een aan die regterkant wat oop en toe gevou kon word. Vanaf die miedens word die koring op die dorsmasjien se platform gepak, vanwaar die koring in die dorsmasjien gevoer word. Die koringkorrels kom aan die voorkant uit waar dit in koringsakke op gevang word. Die koringsakke word geweeg, elk 203lb. Die koringsak was ongeveer 3lb en die koring dus 200lb. Strooi kom aan die agterkant van die dorsmasjien uit. Vandaar

word dit weg van die dorsmasjien op hope weggesleep deur vier osse wat 'n dwarspaal trek - die punte van die paal is met kettings aan die agtersosse se juk gekoppel.

### En trekkers

Trekkers was nog skaars in die laat twintig-en vroeë dertigerjare, en die koring dorsmasjiene is met Ransome stoomenjins aangedryf. Hierdie enjins was groot en swaar; hulle het op vier wiele geloop met 'n opvoubare lang skoorsteen, 'n groot vuurmaakplek, en 'n groot stoomketel. Dorstyd moes jy as plaasboer sorg vir genoeg hout vir vuurmaak en water vir die stoom. Dorstyd vir koring het meestal in Desembermaand plaasgevind, en saamgeval met ons skoolvakansies; dit het ons as kinders baie geniet. Daar was altyd 'n swartman wat by die masjien geslaap het; hy moes sorg vir vuur voor ses die oggend sodat daar net na sonop vuur genoeg is sodat die stoomenjin die dorsmasjien aan die gang kan kry. Sodra daar genoeg stoom is, word die stoomenjin se fluit geblaas - dit kon jy baie ver hoor. Dan was die werksvolk al by die masjien, gereed om te werk. 'n Witman was altyd saam met die dorsmasjien om te sorg dat alles reg verloop. Ek onthou twee mense wat in beheer van hierdie dorsmasjiene was: oom Johann Kruger, vroeër van Kitale, en oom Eduard Steyn. Hulle moes natuurlik ook opnames maak van plaasboere wat die dorsmasjiene wou gebruik. My pa moes die dorsmasjiene en stoomenjin by oom Koos Prinsloo gaan haal met twee spanne osse. Van ons af is hulle na oom Abraham Joubert toe. Dit het gewoonlik in die Verbrandebos 'n hele dag gekos om so 'n eenheid van een plaas na 'n ander te verskuif, want daar was baie steil af- en opdraendes en 'n span osse

moes hulle storie ken om hierdie swaar stoom enjin by die steilte op te kry.

#### **Die selfbinder**

Die selfbinder word deur agt osse getrek. Dié snymasjien het 'n 6 voet platform wat aan die regter kant 'n kleinerige wiel het, waar dit hoër of laer gestel kan word. Aan die linkerkant word dit aan groot dryfwiel gemonteer. Voor die platform is die disselboom waaraan die agtersosse se juk vasgemaak word. Die groot wiel dryf die mes wat die koring sny wat op die platform val en na die bindermeganisme gevoer word waar dit in gerwe gebind word en langs die selfbinder val. Die koringgerwe word dan in hopies gepak van waar dit op 'n wa gelaai en op die dorsvloer in miede gepak word. Dit was 'n kuns om hierdie 6 voet hoë miede te pak, want die boonste deel (10-12 voet lank by sowat 6-9 voet wyd) moes die vorm van 'n huis se dak hê sodat die are in die binnekant nie in reënweer nat word nie. Soms moes die koring in die miede vir langer as 'n maand lê voordat dit gedors kon word.

#### **VERGENOEG VIER FEES**

**Huis Vergenoeg in Villieria vier vanjaar op 24 September sy twintigste bestaansjaar. Hierdie tehuis wat vernoem is na Vergenoeg Gemeente in Eldoret, Kenia, is amptelik in gebruik geneem op 13 September 1977.**

Reeds voor Uhuru in Kenia het dit duidelik geword dat dit doelloos sou wees om 'n nuwe kerkgebou vir Gemeente Vergenoeg in Eldoret op te

rig. Die kerksraad het toe besluit om die boufonds van 20 000 pond, wat reeds voldoende was vir 'n nuwe gebou, oor te plaas na die kerkkantoor in Pretoria.

Na etlike jare se beraadslaging is daar finaal besluit om die geld beskikbaar te stel vir 'n tehuis vir bejaardes. So het dit gekom dat die bedrag, wat teen die tyd aansienlike rente verdien het, in die vroeë sewentigs geskenk is as 'n trustfonds aan Huis Vergenoeg op voorwaarde dat die tehuis die gemeente se naam sou dra.

Deur die jare was Huis Vergenoeg 'n tuiste vir baie oud-Oos-Afrikaners onder wie Magrieta Mouton, Fritz en Maria Rousseau, Isabella de Wet, Kosie Boshoff, Katie de Jager en ds Jan Dednam. Sover Habari kan vasstel is Miemie Pieterse (Malan), Annie van Rooyen en mev Welmans die enigste oud-Oos-Afrikaners wat tans daar woon.

Op 13 September 1997 is daar vir ouslaas Hallelujaliedere gesing om Vergenoeg Gemeente se ou kerkorrel in Huis Vergenoeg voordat dit teruggeneem is na die NG Kerkargief.

*Alex Boshoff*

---

## So bietjie nuus uit KENIA

Kosmos Park 46 Middelburg 1055

11-5-97

Beste vriende

So briefie om te vertel van alles wat gebeur het toe ek nou by die huis was in Kenia. Ek stuur vir julle hierdie bietjie nuus van Kenia. Ek was nou weer daar gewees vir 5 maande.

Dit is nog baie vreedsaam in Eldoret. Ons pad van die plaas af dorp toe is nou 'n pragtige pad. Weet nie of ons al ooit so 'n mooi pad gehaad het nie, voor laas jaar toe ek daar was was die pad so sleg, dit het ons 45 minute gevat dorp toe, nou kan ons dit in 15 minute doen.

Met die boerdery gaan dit goed, maar alles is baie duur, en jy moet jou storie ken om kop bo water te hou. Die KFA bestaan omtrent nie meer nie. Meeste koring word nou aan die meules verkoop. My seun Fanie en 'n paar ander boere probeer uitvoer Uganda toe.

Dit is goed om weer Suid-Afrikaanse produkte op die winkel rakke te sien. Alles is verkrygbaar, net baie duur. Lewens koste is maar hoog.

Nou moet ek eers vertel van die groot gebeurtenis in Eldoret. Daar was weer 'n Afrikaanse Nagmaal gehou in ons ou Kerk na 30 jaar. Dit was 'n belewenis. Ds Kobus van Zyl wat in Eldoret betrokke is by die Reformed Church of East Africa is deur die Sinode gevra om al die Afrikaaners daar te dien. Hy hou aan

die begin van elke maand 'n diens op Eldoret by een van die lidmate se huise, elke keer by iemand anders. Die eiende van die maand in Nairobi ook elke maand in 'n verskillende huis, en dan bly almal vir ete die middag, baie geselig. Toe word besluit om Nagmaal te hou die Sondag voor Paasfees. Die pastoor van die ou kerk was baie inskiklik en het die Kerk aan ons afgestaan die Sondag mōre vanaf 8:30 tot 10:00. Die Saterdag aand het almal by ons op die plaas bymekaar gekom vir 'n braai. Omtrent al die Nairobi ouens het gekom, dit was heerlik om weer soveel Afrkaaners daar bymekaar te sien. Die volgende dag Nagmaal in ons kerk, ons het gesorg vir 'n mooi rangskikking by die kansel, en ons het selfs 'n orrelis gehaad van Nairobi, sy was baie beindruk met die orrel. Ons was so-wat 40 mense bymekaar. Na die Nagmaal het ons almal gaan tee drink by die huis van tant Louise Woodley, daarna is almal weer uitmekaar. Die kollekte wat opgeneem is, is aan die pastoor geskenk. Op die manier kan hulle weer die kerk vra vir nog so 'n geleendheid, want Ds van Zyl sê dit sal nie die laaste keer wees nie.


Ds van Zyl en sy vrou Liesel bly in 'n huis by die ou Gedenk saal. Daar is glo 'n groep jong mense wat in Julie maand vanaf SA Eldoret toe gaan om die ou saal te restoureer.

Ou Terop werk nog altyd by die kerk.

Groete

Leen Kruger

Volg die swart paaie wat in die pyltjie by die dam eindig:



**Lost** and hopefully to be found - misplaced? - Please help? In die verlede was die lesers so behulpsaam met die lys dat ons almal wat opsoorbaar was gevind het. **Dankie**

|                                     |   |
|-------------------------------------|---|
| Mnr & Mev Johan BARNARD             | L LEWIS   |
| Posbus 47, Karino 1204              | 8 Leonard Heights, Leonard str.,                      |
| Driennie CRONJE                     | KENILWORTH, 2190                                      |
| Malan str 41, Randfontein 1760      | Hester Muller   |
| Daniel De BRUIN                     | Gen Piet Joubertskool, h/v Grobler & Webster          |
| Green Acres Posbus 14, Plaston 1244 | PIETERSBURG, 0600                                     |
| GT J de JAGER                       | Mnr & Mev. Louis (Baas) NEL                           |
| Spoorwaghuis 2, ALBERTINA, 6795     | Erembeestraat 17, MIDDELBURG, 1060                    |
| Jan DRY                             | Mnr & Mev NEL   |
| Posbus 1043, ROBINDALE, 2194        | Posbus 3, MAGUDU, 3160                                |
| Mnr Jan EKSTEEN                     | MR & Mrs H D Parr                                     |
| Posrestante, LYDENBURG 1120         | 31 Ankesaar Road, Carrington Heights,<br>DURBAN, 4001 |
| Mnr & Mev M J ENSLIN                | Barbara & Terry PILFAD                                |
| Pospersoneel, CAROLINA, 1185        | P O Box 915 1001, FAERIE GLEN, 0042                   |
| Mnr & Mev J A ENSLIN                | Sara STEENKAMP  |
| Pk Plaston, WITRIVER, 1240          | Posbus 463, HENDRINA, 1095                            |
| Mr Italo FIORAVANTI                 | Mev W S Taljaard                                      |
| P O Box 12241, BENONI 1504          | Posbus 1528   |
| Mev M GROBLER                       | VANDERBIJLPARK, 1900                                  |
| Posbus 19061, PRETORIA WES, 0117    | Mrs J C Taylor  |
| Hoffie & Mart HOFFMAN               | Leyden Place, MARIANNHILL, 3610.                      |
| Posbus 362, STUTTERHEIM, 4930       | Mev Joey VAN DEVENTER                                 |
| Mnr S A JOUBERT,                    | Jubileem Gebou, Skinnerstraat, Pta                    |
| Hertzog str 1106, VILLIERIA, 0186   | Flippie & Rita VAN RESNBURG                           |
| Chris & Poppie JOUBERT              | Posbus 31, COLENSO. 3360                              |
| Posbus 56, PILGRIM'S REST. 1290     | Mnr & Mev B VAN WYK                                   |
|                                     | Malan str 41, RANDGATE, 1760                          |

